Publication: Die Burger - Landbou Supplement - Landbou
Title: Heffings wat bydra tot volhoubare graanbedryf
Publish date: 31 Jan 2025
Page: 4

Reach: 35415
AVE:R 88310.05
Author: MJ SWART

Heffings wat bydra tot volhoubare graanbedryf

Met die lees van hierdie rubriek het die eerste maand van die nuwe jaar reeds by ons verby gevlieg.

Geseënde en voorspoedige nuwe jaar vir almal. Ek hoop al die lesers het die feestyd saam met hul families en vriende geniet, en kon darem bietjie kans kry om te rus en die batterye te herlaai vir die nuwe jaar wat voorlê.

Die Wes-Kaap is darem net besonders mooi en ons is regtig geseënd om hier te kan woon. Ander mense werk vir 12 maande van die jaar in ander dele van die land om vir 'n paar weke van die jaar by ons in die Wes-Kaap vakansie te kom hou.

Terwyl van die Wes-Kaapse produsente gedurende Desember langs die see ontspan het, was die noordelike-somerreën-produsente besig om te plant en ek is bly om te hoor dat daar gebiede is wat goeie reën ontvang het. Ek hoop ou Janco en sy pa in die noorde is ook al amper klaar geplant en mag al genooi word vir 'n braai.

Skoutyd is om die draai

Noudat ons weer in 'n nuwe jaar is, is dit binnekort landbouskoutyd in die Suid-Kaap. So, kom en geniet die platteland in Februarie saam met ons.

Eerste aan die beurt is die Heidelberg-skou wat vanjaar vanaf 12 tot 15 Februarie plaasvind.

Tweedens vind die Riversdal-skou vanaf 19 tot 22 Februarie plaas. Laaste, maar beslis nie die minste nie, is die Swellendam-skou wat vanaf die 27ste Februarie tot die 1ste Maart plaasvind.

Al die nuwe landbouverwante idees, implemente en tegnologie wat by die skoue uitgestal word, is altyd indrukwekkend, met die vee- en jeugskou wat altyd 'n hoogtepunt is. Daar is ook verskeie kunstenaars wat gaan optree en vir vermaak sorg.

Dit is weer heffingstyd

Met die aankoms van Februarie is dit nou ook tyd vir ons graanprodusente om hul heffings te betaal op hul tonne graan wat gelewer is.

Daar is drie verskillende heffings wat betaalbaar is wat sorg vir die volhoubaarheid van die graanbedryf.

Die eerste is die Graan SA-heffing. Hierdie vrywillige heffing stel Graan SA in staat om die belangrike werk wat die lede van hul produsenteorganisasie verwag doeltreffend te verrig.

Verlede jaar tydens die Graan SA-kongres het die produsente besluit en gestem dat die heffings dieselfde moet bly as die vorige jaar en is dus nie verhoog nie om sodoende die ekonomiese druk te help verlig.

Dus is die heffings vir die wintergraanprodusente soos volg van toepassing: R4,70 per ton vir koring, gars en hawer, en R6,40 per ton vir kanola.

Tydens die komende Graan SA-kongres in Maartmaand vanjaar sal produsente weer kan besluit en stem of die heffings aangepas moet word vir die volgende seisoen.

Die drie streke in die Wes-Kaap se produsente lewer met trots hul bydrae. Ek wil elke produsent bedank vir hul betrokkenheid en bereidwilligheid van hul bydrae, asook vir die invorderingsagente wat Graan SA help om die heffings in te vorder.

Tweedens is daar die statutêre SAWCIA (*South African Winter Cereal Industry Agency*) heffing.

Voorheen was hierdie eers 'n vrywillige heffing met die naam SAWCIT (*South African Winter Cereal Industry Trust*) wat in plek gesit was van die wintergraantrust. Weens volhoubaarheid-uitdagings is daar egter besluit om aansoek te doen vir die verandering van 'n vrywillige na 'n statutêre heffing.

Tydens die Graan SA-streekvergaderings in Januarie en Februarie 2024, asook by die jaarlikse Graan SA-kongres op 14 Maart 2024 is die aansoek vir 'n statutêre heffing deur lede van Graan SA ondersteun.

Die landbouminister het die aansoek op 16 September 2024 goedgekeur vir 'n periode van vier jaar wat jaarliks verhoog.

Die heffing is soos volg van toepassing vir die 2024-2025-seisoen: R12 per ton op koring en gars, en R10 per ton op hawer.

Die statutêre heffing is vir die navorsing en inligting van koring, hawer en gars, en is betaalbaar op plaaslike produksie deur produsente en op ingevoerde graan deur die meulenaars en bakkers.

Aangesien dit 'n statutêre heffing is, moet 20% van hierdie heffings vir transformasie aangewend word.

Die derde is die bydrae van die statutêre heffing, naamlik SACTA (*South African Cultivar and Technology Agency*). Die primêre doel van die heffing is hoofsaaklik vir die teling van nuwe koring-, gars-, hawer-, lupiene- en sojaboonkultivars.

Slegs produsente dra tot hierdie heffing by. Die heffing vir die 2024-2025-seisoen is soos volg: R34 per ton vir koring, gars en hawer, R35 per ton vir lupiene, en R92 per ton vir sojabone.

Alle bedrae hierbo genoem sluit BTW uit.

Hoe lyk die insetkoste vir die 2025-aankope?

Ons ekonome by Graan SA het bietjie gaan loer na die tendense om die vraag oor die insetkoste vir 2025 te beantwoord.

Die insetpryse vir 2025 toon wisselvallige tendense aan. Vir Januarie 2025 het die plaaslike "kunsmispakkie" (KAN, ureum, MAP en kaliumchloried) sowat R119 per ton maand-op-maand vermeerder. 'n Moontlike rede vir die verhoging in kunsmispryse is die styging in vraag na veral urea in lande soos Amerika en in dele van Asië. Die grafika toon die prysbewegings van ons plaaslike kunsmispakkie vanaf Julie 2022 tot Januarie 2025 (bron: Graan SA).

Brandstofpryse is ook besig om te klim, met pryse wat nou teen min of meer op dieselfde vlak as laasjaar Oktober handel.

Amerikaanse sanksies op Russiese vaartuie en olieverskeepraars bedreig die markaanbod, terwyl die dollar voordeel trek uit verwagtinge van hoër Amerikaanse rentekoerse. Spanning in die Midde-Ooste en die Noordelike Halfrond se koue winter, wat gelei het tot 'n groter vraag na verhittingsbrandstof, plaas verdere druk op wêreldwye olievoorsiening.

Internasionaal toon chemiepryse effense sywaartse tendense. In Augustus 2024 het die pryse van onkruiddoders met 20% gedaal in vergelyking met Augustus 2023. In dieselfde tydperk het die jaar-tot-jaar-pryse van insekdoders met ongeveer 15% gedaal.

Die daling in pryse was as gevolg van die versterking van die rand en laer internasionale markpryse van hierdie chemikalieë. China het 'n *anti-dumping*-ondersoek van stapel gestuur oor sipermetrien, 'n insekdoder uit Indië, en dit het die koste van invoere vir Indiese verskaffers verhoog, wat mededingende druk op plaaslike produsente verminder het.

Teen die tyd wanneer julle hierdie artikel lees, is Graan SA se streeksvergaderings net mooi agter die rug en dus sal julle moet wag vir volgende maand se artikel om meer daarvan te lees.

2024 was 'n uitdagende jaar weens verskeie faktore soos weersomstandighede, ongewenste pryse en ander eksterne faktore.

Vir baie was dit 'n moeilike of 'n teleurstellende jaar. Ek hoop egter dat die jaar julle nie ondergekry het nie, maar eerder dat daar oomblikke was waar karakterontwikkeling plaasgevind het en dat uitdagings oorkom is.

Ek hoop dat die jaar wat voorlê meer voorspoed as teenspoed sal bring. Mag ons nie terugkyk na die jaar wat verby is nie, maar eerder vorentoe na die jaar wat voorlê en uitsien na die geleenthede wat die toekoms mag bring.

Prysverandering van "kunsmispakkie" (Julie 2022 tot Januarie 2025)



Bron: Graan SA

GERRIE LOTRIET, Netwerk24-grafika

www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.